kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Wat is my gesindheid?

Skriflesing: Filippense 2:1-13

Broodjies vir die pad

"There is a great market for religious experience in our world; there is little enthusiasm for the patient acquisition of virtue, little inclination to sign up for a long apprenticeship in what earlier generations of Christians called holiness."
— Eugene H. Peterson, A Long Obedience in the Same Direction: Discipleship in an Instant Society

"Whenever you find tears in your eyes, especially unexpected tears, it is well to pay the closest attention. They are not only telling you something about the secret of who you are, but more often than not God is speaking to you through them of the mystery of where you have come from and is summoning you to where, if your soul is to be saved, you should go next."
— Frederick Beuchner

"It is a world of magic and mystery, of deep darkness and flickering starlight. It is a world where terrible things happen and wonderful things too. It is a world where goodness is pitted against evil, love against hate, order against chaos, in a great struggle where often it is hard to be sure who belongs to which side because appearances are endlessly deceptive. Yet for all its confusion and wildness, it is a world where the battle goes ultimately to the good, who live happily ever after, and where in the long run everybody, good and evil alike, becomes known by his true name....That is the fairy tale of the Gospel with, of course, one crucial difference from all other fairy tales, which is that the claim made for it is that it is true, that it not only happened once upon a time but has kept on happening ever since and is happening still."
— Frederick Buechner, Telling the Truth: The Gospel as Tragedy, Comedy, and Fairy Tale

Laaste reis

Wanneer ek eendag die doodsvallei betree
Sal ek my na my komvandaan toe haas
Oor die Piekenierskloof en
langs Algeria se afdraai verby,
tot by Sanddriff en die Wolfberg.
My gedagtes sal verby
Klawer kronkel
en by Vanrhynsdorp vir 'n lafenis stop
voordat ek die Knersvlakte aandurf …
Die Knersvlak sal 'n blommetapyt voor my uitrol
met malse gousblom- en botterblomkleure.
Ek sal verby Nuwerus en Bitterfontein kronkel,
vir 'n oomblik onder 'n doringboom gaan rus
voordat ek die laaste grens oorsteek
Die Groenrivier.
My oë sal die pers vygies teen die rante streel,
Ek sal teen die klipplate uitdans
saam met die koggelmanders en dassies;
ek sal uintjies grawe en bokhorinkies en koenebies pluk
en roosterkoek bak in 'n asbosskerm.
My vuurtjie se gloed sal die aandlug weghou
Wat 'n swart kombers oor Okiep se rante vou
terwyl ek vir die laaste reis
my teen die koue opkrul
in 'n matjiesgoedhuis.
Dan sal ek slaap.
Ek sal wakker word en dink,
die wêreld lyk vir my dan half-bekend …
Ek sal in 'n plaat blou sporrie gaan lê
en ek sal weet:
Die hemel was nog altyd net hierso
In Namakwaland gewees.

Ryk Brink

"The fruit of the Spirit, in contrast, gives a sure sign of transformed character. When our deepest attitudes and dispositions are those of Jesus, it is because we have learned to let the Spirit foster his life in us."
— Dallas Willard, The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship

Soos 'n skim deur droefheid se daeraad

Wilhelm Jordaan

Ek skryf al jare lank rubrieke oor my waarneming van die lewe. Nou met my vrou se dood word ek gekonfronteer met die waarneming van my eie lewe. En dit is of ek na 'n oop wond kyk.

Só skryf ek 'n brief vir 'n vriendin wie se man agt jaar gelede dood is: "Ek het gedink ek verstaan iets van smart en die droefheid wat daarmee saamgaan. Ek verstaan niks daarvan nie. Dit is die shadowlands waarvan C.S. Lewis skryf en ek beweeg soos 'n skim daardeur.

"Gaan aan met die dinge waarmee ek moet aangaan, skryf rubrieke, maar niks voel werklik nie. Ek praat, eet, antwoord, glimlag soos dit hoort en lag uitbundig soos ek kan . . . maar niks daarvan voel soos ek nie. Word dit later beter?

"In die weke wat kom, gaan ons haar as tussen die blomme van die Weskus strooi, in Kirstenbosch, in die see, en 'n bietjie

oorhou vir die tuin by die huis.

"Ag liewe Here, ek huil, maar wys dit nie. Ek mis haar met 'n rouheid wat woorde soek. Hoef seker nie? Met elke stukkie musiek sien ek haar tydhou in die wit sokkies. Glo darem ek sal weer my 'ou self' wees, wat de *** dit ook is."

Die vriendin antwoord as volg: "Soos ek dit beleef, is daar absoluut niks te verstane aan die leed wat jy voel nie; net te oorlewe. Die helfte van jou is weg, hoe is dit hoegenaamd moontlik dat jy nog praat, eet, antwoord, glimlag en lag? Dit is die eintlike kwessie wat jy poog om te verstaan.

"Ek het nog nooit weer my ou self geword nie (soos jy sê, wat de *** dit ook is). Of die nuwe gedaante wat ek nou het, 'n 'self' is, weet ek nie.

"Verlede Donderdag sit ek nege-uur die oggend op my stoel en drink tee. En skielik, uit die bloute, bars ek in trane uit en huil lank soos 'n kind. Daarna, net weer soos altyd, opstaan en aangaan met die dingetjies van die dag.

"Al wat ek sien, is dat ek vaardiger word met die poging om my werklikheid mooier te maak as wat dit is."

In dieselfde trant kry ek 'n brief van iemand wat ek nie ken nie. Sy sê sy wil iets aan my teruggee wat sy oor jare in my rubrieke gevind het: "Die ruimte wat jy nou met jou lewensmaat se dood betree, só het ek onlangs self geleer, is nie eintlik verwoordbaar nie.

"Hartseer kreukel jou en frommel jou weerloos, hopeloos op. En soos T.T. Cloete dit stel, word elke bekende rigtingwyser 'die pad na Verdwaal' en is jy voortaan net 'amper tuis'.

"Jou geliefde lewensmaat het vertrek, maar 'n mens vertrek self ook stelselmatig en mettertyd na 'n gans ander heelal waarin jy die taal en die nuanses van jou menswees van voor af moet leer – die emigrasie van verdriet . . . Is dit troos hierdie? Net soos 'n geliefde nie herhaalbaar is nie, só is hartseer ook nie eindigend nie."

Ek kyk weer na dié korrespondensie en besef opeens dat gedeelde belewenisse oor smart en verdriet 'n sagte mantel is wat om jou skouers gehang word omdat jy 'n binneseer beleef en koud kry.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/soos-n-skim-deur-droefheid-se-daeraad-20200923

"Let us not underestimate how hard it is to be compassionate. Compassion is hard because it requires the inner disposition to go with others to place where they are weak, vulnerable, lonely, and broken. But this is not our spontaneous response to suffering. What we desire most is to do away with suffering by fleeing from it or finding a quick cure for it."
— Henri J.M. Nouwen

"We are transformed because God dwells in us rather than having to be transformed before God's indwelling."
— Steven Buller, The Theology of Karl Rahner: A Restatement of Foundations of Christian Faith

"The first and fundamental question of this book is this: How do we Christians know which is our true God— our Bible's violent God, or our Bible's nonviolent God? The answer is actually obvious. The norm and criterion of the Christian Bible is the biblical Christ. Christ is the standard by which we measure everything else in the Bible. Since Christianity claims Christ as the image and revelation of God, then God is violent if Christ is violent, and God is nonviolent if Christ is nonviolent. This is even given in what we are called. We are called Christians not Bible-ians, so our very name asserts the ascendancy of Christ over the Bible."
— John Dominic Crossan, How to Read the Bible and Still Be a Christian: Struggling with Divine Violence from Genesis Through Revelation

Brood vir die pad

Erfenisviering vra vir verbintenis én kritiese afstand

RRV

Met Erfenisdag om die draai sou ons – naas die vraag oor wat ons gaan braai – kon vra: Wat behels in ons tyd die viering van ons spesifieke kulturele of godsdienstige erfenis?

In die nadenke hieroor kan 'n onderskeid verhelderend wees wat Svetlana Boym (1959-2015) in haar boek The Future of Nostalgia (2001) maak.

Boym wys in haar bespreking van nostalgie op twee moontlike vorme wat ons verhouding tot die verlede kan aanneem, wat sy onderskeidelik "restorative" (herstellende) nostalgie en "reflective" (reflekterende) nostalgie benoem.

Herstellende nostalgie wens dat een of ander geïdealiseerde aspek uit die verlede weer in die hede gestalte sal kry. Dit is hierdie vorm van nostalgie wat talle nasionalistiese oplewings wêreldwyd kenmerk. En populistiese leiers weet goed hoe om daarop in te speel, dikwels met verwysings na 'n verlore en bedreigde identiteit of tuiste wat herstel en beskerm moet word.

Hiervolgens is daar ook meestal nie veel ruimte vir kritiek op jou eie kultuur, godsdiens of groep nie. Ook nie vir 'n verstaan van die geskiedenis as dubbelsinnig of kompleks nie. Dit is onthou sonder rou; herinnering sonder humor.

Reflekterende nostalgie dui vir Boym op 'n groter soepelheid jeens die verlede. Daar is wel 'n pynlike verlange na die verlede, met 'n gepaardgaande gevoel van verlies, maar dit sluit nie 'n kritiese afstand van jou eie tradisie en erfenis uit nie. Daarom val die fokus meer op ruïnes as op monumente. Die wyse waarop die verhaal van die verlede vertel word, is dan ook meer ironies en fragmentaries.

In die lig van Boym se onderskeid sou 'n mens kon sê dat om jou erfenis met erns te bejeën nie met herstellende nostalgie verwar moet word nie. Dit behels eerder 'n nadenkende verbintenis wat ruimte laat vir kritiek en kompleksiteit.

Soos Margaret Miles dit in haar The Word Made Flesh: A History of Christian Thought stel: "It must be both sympathetic and critical. It must be sympathetic in order to present the vivid beauty of Christian resources of ideas, artworks, and practices. And it must be critical because it is not only a history of the past, but also a history for the present."

Hoewel meeste van ons gesprekke rondom Erfenisdag waarskynlik nie na terme soos erfenis en identiteit sal verwys nie, sal die eggo's van sowel herstellende as reflekterende nostalgie tog weerklink in die menings oor uiteenlopende sake soos die Amerikaanse verkiesing, ons regering, die kerk, "die ou dae", en ons onseker toekoms.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/erfenisviering-vra-vir-verbintenis-en-kritiese-afstand-20200918

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877